# Laerskool KENRIDGE Primary School

Van Riebeecklaan / Van Riebeeck Avenue, KENRIDGE, 7550 | Tel: 021 976 3046/7 | Fax/Faks: 021 975 1312
www.kenridgeprimary.co.za


**Every child *Every chance* Every day | *Elke kind* Elke kans *Elke dag* | Wonke umntwana *Lonke ixesha* Yonke imihla**

16 Maart 2020

Geagte Ouers

Na aanleiding van die Staatspresident se toespraak gisteraand, sal skole op Woensdag, 18 Maart 2020, sluit en op 14 April 2020 heropen. Ons skool sal Woensdag, om 11:00 sluit. Indien ons verdere inligting ontvang, sal ons dit deurgee. Die volgende prosedures is in plek gestel:

- Ouervergaderings en buitemuurse aktiwiteite (skool en professioneel) is gestaak vir die res van die kwartaal.
- Die Nasorgsentrum sal ook Woensdag sluit en sal weer na die skoolvakansie open. (na die Paasnaweek).
- Al die vakansie-aktiwiteite is gekanselleer (insluitende afrigtingsklinieke).
- Die Graad Sewe-kamp is uitgestel tot later in die jaar. Ander kampe sal hersien word, indien nodig.
- Hierdie sluitingstydperk word gesien as skoolvakansie en addisionele akademiese tyd sal ingeruim word gedurende Junie. Datums sal bekend gemaak word, sodra ons dit ontvang.
- Leerders moet al hulle boeke huis toe neem. Indien u kind nie by die skool is nie, moet u asseblief sy/haar boeke voor Woensdag, 11:00 kom haal.
- Amptelike kommunikasie vanaf die skool sal deur middel van SMS, e-pos of D6-*School Communicator* wees. Die WhatsApp-groepe van klasse is nie 'n amptelike kommunikasie-medium nie.
- Leerders wat siek is moet asseblief tuis bly.
- Rapporte sal van vandag af huis toe gestuur word. Die rapporte van die Grondslagfase sal vandag saam met u kind gestuur word. Die Graad Vier- tot Graad Sewerapporte sal môre (of moontlik vandag) saam met u kind gestuur word. Let asseblief op dat die begin van die tweede kwartaal verkeerdelik as 31 Maart op die rapport verskyn. Die tweede kwartaal sal op 14 April hervat, behalwe as daar anders besluit word.

Baie dankie vir u ondersteuning en begrip. Die welstand van ons leerders en die gemeenskap is vir ons baie belangrik. Alle inligting sal via e-pos, SMS of D6-*School Communicator*, aan u gestuur word, selfs gedurende die vakansie. Indien u kontakbesonderhede verander het, moet u die kantoor so spoedig moontlik daarvan laat weet en verskaf dan die nuwe besonderhede.

Groete

S. R. Smith (Mev)
**SKOOLHOOF**